

# **Vergifnis**

**'n Bybelse handleiding om te vergewe soos  
God vergewe**

**Joel James**

Kopiereg © Joel James, 2019

**Word of the Cross**

Die boekie mag in gedrukte of elektroniese vorm versprei onder die volgende voorwaardes:

- Die verspreiding moet gratis wees
- Geen veranderinge mag aan die teks aanbring word nie
- Alle kopieë moet die volgende bevat:  
Vergifnis: 'n Bybelse handleiding om te vergewe soos God vergewe;  
Kopiereg © Joel James, 2019  
Gebruik met toestemming

Indien u die boekie vir ander redes wil gebruik, moet toestemming verkry word vanaf **Word of the Cross**.

Oorspronklike uitgawe:

Forgiving Like God Forgives; God's plan for restoring peace to sin-shattered relationships.

© Joel James, 1999, 2001

Skryfaanhalings geneem uit:

Die Bybel in Afrikaans. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1933, 1953.

Gebruik met toestemming.

Die 1983 Bybelboek-name is gebruik.

Uitgegee deur

**Word of the Cross**

Posbus 39263

Garsfontein-Oos

0060

Suid-Afrika

[orders@gracefellowship.co.za](mailto:orders@gracefellowship.co.za)

# INHOUDSOPGAWE

Inleiding.....	1
Dit sou met enigiemand kon gebeur .....	2
God se plan .....	3
Deel I  God se Vergifnis .....	5
God is in sy wese vergewensgesind .....	5
Vergifnis gedefinieer en geïllustreer .....	7
Kolossense 2:13-14 .....	8
Deel II  Wees dus Navolgers van God .....	11
Stap 1  Streef na vrede .....	13
Vrede met God.....	16
'n Voorbeeld.....	17
Stap 2  Sluit 'n bindende ooreenkoms.....	18
Die regte ding op die verkeerde manier.....	19
Ek is jammer, so jammer ... ..	20
Dit was niks nie .....	22
Vergewe en vergeet? .....	24
Maar wat as ... ..	25
Ek het nie lus om te vergewe nie .....	28
Stap 3  'n Nuwe en beter verhouding.....	29
Die voorbeeld wat God stel.....	30
Vervang die kwaad met die goeie .....	31
Paulus.....	33
Josef .....	34
Slotwoord .....	37



# Inleiding

Ben en Susan is getroud; beide is Christene. Op 'n dag kom Ben moeg by die huis aan na 'n vermoeiende dag by die werk. Hy reageer vererg op 'n onbeduidende opmerking wat Susan gemaak het. “Jy gee nie eens om hoe moeilik *my* dag was nie. Al waaroor jy praat is wat jy saam met jou dom vriendinne gedoen het.”

Nadat hy sy vrou beledig het (“Jy gee nie eens om nie” en “al waaroor jy praat”), is hy woedend (wat sondig is) na die slaapkamer. Daar slaan hy die deur toe en sit die res van die aand voor die televisie.

Ben se uitbarsting en vals beskuldigings het Susan diep gekrenk. In die kombuis werk sy met saamgeperste lippe hardhandig met die potte en panne. Sy wag dat Ben kom en haar om vergifnis vra. Maar hy daag nie op nie.

Teen slapenstyd het hulle humeure al afgekoel. Die temperatuur in die huis het weliswaar tot onder vriespunt gedaal. Die bed is soos Antarktika. 'n Onsigbare, maar ondeurdringbare muur verdeel die bed in twee.

Die vraag is dan: wat moet Ben en Susan nou doen? Moet hulle maar gaan slaap en hoop dat die hele affêre die volgende môre vergete sal wees? Moet hulle vir mekaar sê “Ek is jammer” en met 'n soentjie weer “vrede maak”? En wat moes hulle vroeër die aand gedoen het nadat Ben woedend gereageer het?

## Dit sou met enigiemand kon gebeur

Alhoewel Ben en Susan sommer name is, is die situasie tog nie. Hierdie gebeure speel daaglik in duisende huise in ons land af. En ook nie slegs tussen getroude mense nie.

Ben en Susan kon ook Frans en Albert wees wat in 'n kantoor in die stad werk. Ook Ansie en Erika, wat as lidmate van 'n kerk saam 'n Bybelstudie bywoon. Hulle kon in werklikheid enigiemand wees.

Sonde met al sy aaklighede is deel van elke mens se lewe. Soms oortree **ons**; soms gee **ons** aanstoot; soms is **ons** die een teenoor wie gesondig word. Maar ons verhoudings met andere word dikwels deur sonde beïnvloed. Dit veroorsaak seerkry, pyn, woede, bitterheid, vyandigheid, verwydering en onberekenbare ellende. En dit slegs vanuit 'n menslike vlak gesien. Hoe diep ons sondes God bedroef, is baie belangriker. (Efesiërs 4:30)

Die pynlike werklikheid is dat sonde steeds in ons teenwoordig is. Dit bepaal ten minste een belangrike feit vir elke Christen: vergifnis is 'n noodsaaklike vaardigheid om geestelik staande te bly. Ware gelowiges kan vergewe en kan ook vergifnis vra en ontvang. Dit is onontbeerlik vir geestelike groei.

Terug na Ben en Susan. Ben moes nie so teenoor Susan uitgebars het nie. Susan moes ook nie toegelaat het dat Ben se optrede haar so oorheers nie. Maar gedane sake het geen keer nie. Daar is reeds gesondig. Hoe moet hulle nou optree?

En wat behoort **ek** te doen wanneer **ek** sondig? Hoe tree ek op wanneer daar **teenoor** my gesondig word?

Vergifnis is uiters belangrik in 'n wêreld vol sondaars. En ook in kerke gevul met sondaars wat gered is. Maar vergifnis is skaars. Of heeltemal afwesig.

Hierdie boekie hou vir jou 'n Bybelse model voor oë: hoe om (mekaar) te vergewe en hoe om vergifnis te ontvang.

## **God se plan**

Kom ons begin deur te vra “Hoe gaan God te werk om versoening te bring in verhoudings wat as gevolg van sonde skipbreuk ly?” Paulus gee 'n baie duidelike en direkte antwoord in Efesiërs 4:31-32.

Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

Hoe moet sulke verhoudings herstel word? Vergifnis is die antwoord. En hoe moet ons vergewe? Net soos God vergewe. Wanneer teenoor ons gesondig word, moet ons God se vergifnis navolg. In die volgende vers spel Paulus duidelik uit wat hy in Efesiërs 4: 32 bedoel. Hy skryf in Efesiërs 5:1 “Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders.”

Wanneer ons die teiken van bitterheid, woede, toorn of enige ander sonde geword het, het ons 'n Bybelse verpligting: “Vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.” Anders gesê, ons vergifnis en God se vergifnis moet dieselfde lyk. Vergifnis herstel sonde-beskadigde verhoudings. En die enigste vergifnis wat geldig is, is 'n vergifnis wat in navolging van God se vergifnis is.

Wanneer ons 'n Bybelse model van vergifnis wil bedink, begin ons deur te vra hoe God se vergifnis lyk, en dan doen ons dieselfde. Volg sy vergifnis eenvoudig na. Verander jou denke oor verhoudings drasties om sodoende in pas te bly met die voorbeeld wat God ons gegee het.

Indien Ben en Susan hulle verhouding wil herstel, moet hulle navolgers van God word. Dieselfde is van toepassing op ons. Daarom sal die eerste gedeelte van die boekie help om ons te laat verstaan *hoe* God vergewe. Die tweede gedeelte sal uitspel hoe ons hierdie waarhede wat ons ontdek het, op ons eie lewens kan toepas.<sup>1</sup>

---

<sup>1</sup> Soos altyd veronderstel teologie (bv. God se vergifnis) die praktiese uitlewing (ons vergifnis) daarvan.



# Deel I God se Vergifnis

## God is in sy wese vergewensgesind

Ons moet nou bepaal hoe God vergewe. Om dit te doen, moet ons kyk na wie God is en wat sy natuur, sy aard is. God se optrede spruit voort uit wie Hy is. Psalm 103 vang op 'n dramatiese manier die Here se vergewensgesindheid vas.

Dawid begin en eindig die Psalm met die woorde "Loof die Here, o my siel" (Psalm 103: 1,22). Die psalmis uiter hierdie uitbundige lofprysing omdat hy besef dat God "al jou ongeregtighede vergewe" (vers 3). Dawid versterk sy saak deur te verwys na 'n gebeurlikheid in die volk Israel se verlede. Die woorde herinner ongetwyfeld aan God se vergifnis na die gebeure rondom die goue kalf.<sup>2</sup> Daardie vergifnis het aan Moses asook die hele Israel getoon dat God vergewensgesind is, en dat sy dade dit staaf.

Hy het aan Moses sy weë bekend gemaak, aan die kinders van Israel sy dade. Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Psalm 103:7,8

Hierdie barmhartige en genadige aspek van God se karakter het ontsaglike implikasies vir bekeerde sondaars.

---

<sup>2</sup> Vergelyk die woorde in vers 8 met dié van Eksodus 34.

Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie ... So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.

Psalm 103 :10,12

Aan die einde van die Babiloniese gevangenskap is die Jode toegelaat om na hul land terug te keer. Aangekom in die beloofde land, het die bannelinge besef dat hulle vaders moedswillig ongehoorsaam was, en dat God voortdurend bereid was om hulle te vergewe. Met dieselfde gebeurtenis as Psalm 103 in gedagte, dra die Leviete biddend voor:

Maar U is 'n God van vergewing, genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Nehemia 9:17

Die profeet Miga, na sewe hoofstukke vol kwetsende teregwysing oor sonde, bevestig God se vergewensgesindheid deur te skrywe,

Wie is 'n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het 'n welbehag in goedertierenheid. Hy sal hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp.

Miga 7:18,19

***Let wel: In die 1983 vertaling lui vers 19 soos volg: "Hy sal ons sonde tot niet maak." Die New American Standard Bible (NASB) vertaal dit as "He will tread our iniquities under foot."***

God se genadige en barmhartige aard lei onstuitbaar tot aksie. Daardie aksie is vergifnis. Maar wat presies is hierdie vergifnis? Hoe kan ons God se vergifnis verstaan?

## **Vergifnis gedefinieer en geïllustreer**

Die verskillende Hebreeuse en Griekse woorde wat vertaal word as "vergewe" of "vryspreek" beteken om "weg te stuur" en "uit te delg", "op te tel en weg te dra" en "kwyt te skeld van regsverpligtinge."

Mens sou seker met 'n hele paar beskrywings vorendag kon kom, maar laat ons liever kyk hoe die Bybel vergifnis beskryf; die beeldspraak is ongelooflik sterk.

So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.

Psalm 103:12

Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp.

Miga 7:19

Die volgende uitspraak van die profeet Jeremia lê my na aan die hart:

In dié dae en in dié tyd, spreek die Here, sal die ongeregtigheid van Israel gesoek word, maar dit sal daar nie wees nie; en die sondes van Juda, maar hulle sal nie gevind word nie; want Ek sal vergifnis skenk aan diegene wat ek laat oorbly.

Jeremia 50:20

Wanneer God vergewe, kan ons 'n soekgeselskap toegerus met radar, nagsig-verkykers en satelliet-foto's uitstuur, maar die sondes wat God vergewe het, sal nie gevind word nie.

'n Ander belangrike insig oor vergifnis kry ons in die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser in Matteus 18. Die eerste dienskneg het die koning 'n onbetaalbare bedrag geld geskuld. Maar toe die dienskneg die koning smeek om uitstel sodat hy die skuld kon betaal, het die koning 'n stap verder gegaan.

En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld.

Matteus 18:27

Die koning het vergewe; hy maak die dienskneg los van die regsverpligting ten opsigte van die onbetaalbare groot skuld.

## **Kolossense 2:13-14**

Die mees treffende beeld van vergifnis vind ons in Kolossense 2. In vers 13 sê God dat gelowiges "lewend" gemaak word in Christus. Dit het Hy gedoen deur ons te vergewe. Paulus skryf: " ... het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het ..."

Nadat Paulus verwys het na God se vergifnis aan die einde van vers 13, gaan hy voort in vers 14, maar met treffende beeldspraak.

En julle ... het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael.

Kolossense 2:13-14

Paulus illustreer God se vergifnis as volg: God het 'n regsdocument, 'n skuldbrief opgestel waarin al die verordeninge waarteen ons gesondig het, verskyn. Verordeninge het te doen met God se wette.<sup>3</sup> Dink daaraan, elke wet wat ons oortree het, is reeds opgeteken. Wat 'n vreesaanjaende gedagte!

Daardie skuldbrief het presies aangedui wat ons aan God verskuldig was. As ons hierdie verordeninge oortree, sou dit die doodstraf asook ewigdurende verdoemenis tot gevolg hê. Almal bymekaargetel op één dokument beteken 'n verdoemende veroordeling. Ons het God 'n onbetaalbare bedrag geskuld.

Genadiglik was dáárdie papier – die skuldbrief met ons onbetaalbare skuld las daarop – aan die kruis gekanselleer. Die Griekse woord wat Paulus gebruik het, dui "uitgewis" aan. Die skrif op die dokument met ons regsverpligting teenoor God, is uitgevee.<sup>4</sup> Dit het onleesbaar geword. God

---

<sup>3</sup> Hierdie woord kom slegs eenmaal in die Nuwe Testament voor, en wel in Efesiërs 2:15, waar dit dui op God se opdragte of Sy wet.

<sup>4</sup> *εξαλειφω* is die metode wat gebruik is om foute wat tydens die oorskryf van geskifte gemaak is, te korrigeer. Die skrywer sou met groot

het Christus se bloed geneem en daarmee geskryf "ten volle betaal."

Die kennisgewing van ons skuld is uitgewis, of soos Paulus dit kort en kragtig aan die einde van vers 14 stel, "vir altyd weggeneem." God het dit aan die kruis gespyker ... en dit aan die kruis gelaat.

Dus, opsommend, God se vergifnis is die uitwissing van 'n onbetaalbare skuld wat die sondaar aan God verskuldig is. Dit is 'n uitwissing, of afskryf van die sondeskuld. Heeltemal uitgewis, met ander woorde, h eeltemal afgeskryf.

---

omsigtigheid die klam ink uitvee waarmee hy op die velyn of sagte leer geskryf het. Daarna sou hy baie versigtig weer oor die plek skryf.

## Deel II Wees dus Navolgers van God

Kom ons keer terug na Ben en Susan. Ons het hulle in hul woede, boosheid, bitterheid en nukkerigheid agtergelaat – albei onvergewensgesind en sonder vergifnis daarby. Ben het uitgebars, wetende dat hy verkeerd was, maar was nie bereid om dit te erken nie, en het broeiend voor die kassie gaan sit. Susan se gegriefdheid en skok het uiteindelik oorgegaan in 'n stilswyende bitterheid, 'n stadig-smeulende gebelgdheid en afkeer.

Was Ben en ook Susan navolgers van God? Nee. Om die woorde in Genesis 4:7 te gebruik, het sonde nie “voor die deur gelê en loer nie,” maar het al oor die drumpel getree en hulle verslind. Sedert ons laas met hulle besig was, het 'n ysige stilte tussen hulle gelê.

Wat kan Ben en Susan doen? Sommige mag probeer om die hele insident te begrawe, of te ignoreer en te hoop dat alles reeds die volgende môre vergete sou wees. Maar God sê, “Vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het;” (Kolossense 3:13) en in Efesiërs sê Hy dat hulle wat die son laat ondergaan in hulle woede die duiwel 'n plek gee (Efesiërs 4:26,27). Iets móét gedoen word. Om dit eenvoudig te ignoreer is blatante ongehoorsaamheid teenoor God, en gee 'n oop deur aan Satan.

Te meer nog, om sonder vergifnis te leef, is die ellendigste toestand waarin 'n persoon hom kan bevind. Psalm 32, 38 en 51 toon dat indien vergifnis nie nagestreef word nie, kan depressie, woede, strydlustigheid, fisiese traagheid,

afsondering en vervreemding, geestesversteuring, onbestendigheid, besluiteloosheid, geestelike lusteloosheid en vreugdeloosheid die gevolg wees.<sup>5</sup>

Bitterheid is nog 'n gevolg van 'n gebrek aan vergifnis.<sup>6</sup> Hebreërs 12:15 leer dat bitterheid soos 'n skadelike onkruid groei wat die hele tuin sal benadeel. "Pas op ... dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie." Bitterheid is soos 'n kanker; dit vreet aan die siel. Dit is ook soos 'n aansteeklike kanker. Wanneer dit wortel skiet, skaad dit nie slegs die eie persoon nie, maar ook **baie** ander mense.

Moontlik is dit glad nie so 'n goeie idee om dit slegs daar te laat nie. Dit is inderwaarheid ongehoorsaamheid!

Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet **van julle verwyder word**, saam met alle boosheid. Maar **wees vriendelik** en vol **ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar** soos God ook in Christus julle vergewe het.

Efesiërs 4:31-32 (klem bygevoeg)

In plaas daarvan om die insident slegs daar te laat, moet Ben en Susan God navolg – eerstens tot eer en verheerliking van God en dan ook ter wille van hulleself en ook ten goede vir ander persone naby hulle. Waar begin hulle?

---

<sup>5</sup> Let hier op die teenstelling in Psalm 32:1 "Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is."

<sup>6</sup> Ben en Susan behoort ag te slaan dat Kolossense 3:19 leer dat bitterheid sonde is, en die huwelik maklik skade berokken.



Laat ek julle die drie stappe wys wat God se vergifnis opsom:

1. Streef na vrede
2. Sluit 'n bindende ooreenkoms
3. Vestig 'n nuwe en beter verhouding

## **Stap 1 Streef na vrede**

Ben en Susan behoort vrede in hulle gebroke huweliks-verhouding te herstel. Iemand moet eerste begin om sake reg te stel. Terwyl onopsetlike oortredings oorgesien behoort te word <sup>7</sup> (1 Petrus 4:8; Spreuke 17:9), strek hierdie insident wel duidelik verder. Hierdie is 'n ernstige situasie wat nie slegs in die gedagtes gesystap kan word nie.

Wie is verantwoordelik vir die nastreef van vrede in Ben en Susan se situasie? Dit is verseker Ben. Dit was sy skerp en kwetsende optrede, wat die hele probleem begin het; boosaardige uitlatings, woede en onware beskuldigings. En die Bybel dui aan dat Ben nie na die slaapkamer moes storm nie. Om daar te gaan sit in 'n poel skuld, selfregverdiging en selfbejammering is onbybels.

---

<sup>7</sup> Indien 'n persoon wat te na gekom is en/of beledig voel, die voorval nie uit sy gedagtes kry nie, en hy die moontlikheid van bitterheid sien kom, behoort hy/sy die saak eerste aan te spreek. 'n Bevestiging dat geen aanstoot of belediging bedoel was nie, behoort die hele ongemaklike situasie tot rus te laat kom.

As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe.

Matteus 5:23–24

Ben moes beseef het dat sy vrou deur sy woede en beledigings gekwets is. Sy stormloop na die slaapkamer was onvanpas. Hy moes homself ingehou het en teruggekom het, en erken het dat hy verkeerd opgetree het teenoor Susan. Wat 'n verskil sou so 'n nederige erkenning van skuld nie aan die aand maak het nie!

Ben was ooglopend verkeerd. Hy het geweier om sy sonde, wat niks minder as hoogmoed was nie, te erken. Volgens die Bybel moet die oortreder probeer om die vrede wat hy versteur het, te herstel.

En Susan? Menige dink sy was korrek in haar optrede om te wag dat Ben eerste na haar toe kom. Op stuk van sake, hy was die een wat verkeerd was.

Maar volgens Efesiërs 4:32 moet ons vergewe soos God vergewe. Wat het God gedoen toe daar teen Hom gesondig is? Het God gewag dat die rebelle na Hom toe kom voordat Hy 'n stap tot versoening geneem het? Genadiglik, nee.

Maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog **sondaars** was ... as ons terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun...

Romeine 5:8,10

Toe daar teen God gesondig is, het Hy vrede met die oortreders nagejaag deur sy Seun aan die kruis te offer. God het alreeds gehandel om versoening te bring terwyl ons nog steeds vol haat en verbitterd teenoor Hom was. Alhoewel Hy die veronregte was, het Hy die eerste tree gegee.<sup>8</sup>

Moes Susan anders reageer het? Kon sy iets anders gedoen het in plaas van in die kombuis te wag totdat Ben uit die slaapkamer kom om vir haar vergifnis te vra? Inderdaad, ja. sy kon God nagevolg het deur vrede na te jaag alhoewel daar teen haar gesondig is.

Die opdrag aan ons is om God na te volg. Die volgende twee verse stel dit duidelik dat dit Susan se verantwoordelikheid was om vrede in hulle verhouding na te streef, al het Ben eerste gesondig.

As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

Romeine 12 :18

Jaag die vrede na met almal, ...

Hebreërs 12:14

Indien Susan God nagevolg het en gehoorsaam was aan die Skrif se opdrag om vrede na te jaag, sou sy gebid het, die gang afgeloop het, aan die deur geklop het en gesê het: “Ben, ek het jou lief. Kan ons gesels oor wat gebeur het? Vergewe my asseblief dat ek so onophoudelik gebabbel het, sonder

---

<sup>8</sup> En elke tree daarna. Alles wat gebeur in die proses van ons redding is 'n genadegeskenk van God.

om agter te kom dat jy 'n vermoeiende dag by die werk gehad het. Ek het slegs aan myself gedink.”

So lyk dit dan om God na te volg. Dink net daaraan, vir God was dit nóóit nodig nie om vergifnis te vra nie. Hy hét ook nie. Maar Susan volg Hom na deurdát sy die eerste tree gee om die vrede in hulle verhouding na te jaag.

## Vrede met God

Maar, Susan se verantwoordelikheid strek verder, nie waar nie? Sy probeer nie slegs om vrede met Ben na te jaag nie, sy moet ook na vrede tussen Ben en God streef. Haar besef dat sy meer bedagsaam kon gewees het, sou die geleentheid (letterlik en figuurlik) kon skep dat Ben sy eie skuld kon erken.<sup>9</sup> Dit is belangrik, want dit is ook haar verantwoordelikheid om Ben aan te moedig om berou te hê oor sy sonde.

En as jou broeder teen jou **sondig**, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin.

Matteus 18:15

Al weet Susan dat Ben se sonde teenoor God ernstiger is as haar eie oortreding, mag sy nie in die kombuis wag dat Ben na haar toe kom nie. Sy moet die opdrag in Matteus 18

---

<sup>9</sup> Let op dat Ben se sonde nóg 'n versuim aantoon. Omdat hy nie sy sonde teenoor God bely het nie, en ook nie sy vrou om vergifnis gevra het nie, moet sy die eerste tree tot versoening neem. As die God-geordende leier van sy huis, moes Ben die leiding geneem het tot die geestelike herstel van hul verhouding.

gehoorsaam, en haar man die geleentheid gee om sy sonde te bely.

Wanneer ons in oënskou neem wat gebeur het na Ben se uitbarsting, besef ons dat albei, Ben én Susan gefaal het. Ben het gesondig deurdat hy woedend geword het. Boonop het hy nie sy hoogmoed bely nie, en ook nie vir Susan reeds in die kombuis om vergifnis gevra nie.

Susan het ook gefaal. Sy moes haar hoogmoed oorkom en God se vergifnis nagevolg het deur na vrede met haar woedende Ben te streef. Sy kon haar man gaan help red uit sy verdoemende, onbelyde woede. Albei moes in die besef van hulle Bybelse verantwoordelikheid om vrede na te streef, mekaar halfpad in die gang ontmoet het.

## **'n Voorbeeld**

Alhoewel Ben en Susan in 'n ongelukkige situasie verkeer, moes ek 'n glimlag onderdruk by die skryf van die voorafgaande sin. Ek onthou die keer toe my vrou en ek mekaar halfpad in die gang ontmoet het. My vrou luister graag na musiek terwyl sy haar huishoudelike takies verrig. Omdat ek van my huis af werk, verkies ek stilte in die huis sodat ek kan konsentreer. Gewoonlik kom ons maklik tot 'n vergelyk.

Maar één besondere dag kon ek haar musiek net 'n bietjie te duidelik in my studeerkamer hoor. Konsentrasie was moeilik (moontlik was my gedagtes nie so goed gefokus daardie dag nie!). Toe staan ek op en stap kombuis toe. Ek vra vriendelik

dat sy die musiek bietjie sagter stel. Sy het glimlaggend toegestem. Op pad terug na my studeerkamer het ek die deur soos gewoonlik toegeswaai maar die wind uit die oop venster het die deur met 'n harde slag laat toeslaan.

Toe ek by my skryftafel kom, was my eerste gedagte dat my vrou moontlik kon dink ek het my vererg vir haar harde musiek. Dit sou nooit deug nie! Dadelik was ek weer op pad na haar toe, en halfpad in die gang ontmoet ek my vrou, sigbaar ontsteld. Die reaksie op my verduideliking oor wat gebeur het, was 'n blye, verligte laggie, en 'n stywe omarming.

Dit is die manier hoe versoening moet plaasvind. Albei partye behoort só toegewyd te wees om hulle Bybelse verpligting na te kom dat hulle selfs halfpad in die gang sal ontmoet.

## **Stap 2 Sluit 'n bindende ooreenkoms**

Na 'n situasie waarin gesondig is, is dit albei persone se verantwoordelikheid om vrede na te streef. Die les wat ons in die eerste stap geleer het, is die proses van Bybelse vergifnis. Die **tweede stap** is om 'n **bindende ooreenkoms** te sluit. Dit is navolging van God se vergifnis soos wat ons in 1 Johannes lees.

As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

1 Johannes 1:9

God belowe om die persoon te vergewe wat sy sonde teenoor Hom erken.<sup>10</sup> Op grond van daardie insig, kan ons vergifnis só definieer:

Vergifnis is 'n bindende ooreenkoms om die oortreder se sondeskuld uit te wis na sy skulderkenning en sy versoek om vergewe te word.

Die Bybelse definisie het verskeie implikasies wat ons nou sal oorweeg.

### **Die regte ding op die verkeerde manier**

Veronderstel Ben en Susan het mekaar in die gang ontmoet, halfpad tussen die kombuis en die slaapkamer. Ben boor met sy toon in die mat en sê: “Ag, liefie, ek ... nou ja, ek is jammer oor wat ek gesê het.” Susan antwoord: “Dis reg so, Ben. Dit was niks nie. Vergeet dit.”

“Soe!” sê jy, met 'n slaak van verligting. “Ek is bly hulle het dit op 'n Bybelse manier hanteer.”

Hmmm. Dink jy regtig hulle het dit op 'n **Bybelse** manier hanteer?

“Maar,” sê jy, “Ben het gesê dat hy jammer is en Susan het gesê dis niks nie. Is dit dan nie goed genoeg nie?”

Beide Ben en Susan se woorde was waarskynlik opreg bedoel. Dit was beslis die algemeen-aanvaarde manier om 'n

---

<sup>10</sup> 1 Johannes 1:9 vereis dat die sondebelydenis opreg bedoel is, dus nie onbedag uitgespreek is nie.

rusie te hanteer. Maar was dit werklik die **Bybelse** manier? Wat beteken dit vir Ben om te sê: “Ek is jammer” as die Bybel praat van vergifnis? Het Susan werklik die waarheid weerspieël toe sy gesê het: “Dis niks nie?”

Moontlik kan ek beskuldig word van haarklowery. Maar ek glo dat Ben en Susan dit meer Bybelgetrou kon hanteer het. Kom ons oorweeg eers Ben se woorde.

### **Ek is jammer, so jammer ...**

Wanneer sonde bely word, is dit selfs onder Christene algemeen om die woorde “ek is jammer” te gebruik. Dié woorde is 'n verdraaiing van die Bybelse beginsel rondom vergifnis. Oorweeg vir 'n oomblik wat die woorde “ek is jammer” **regtig** beteken. Die woorde beteken “ek voel sleg oor wat gebeur het.” Die woorde “vergewe my” beteken iets heeltemal anders. Dit beteken “ek is 'n onbetaalbare bedrag aan jou verskuldig weens dit wat ek gedoen het.”

Kom ons kyk na die verskil tussen die twee beginsels deur dit met 'n illustrasie te verduidelik. Indien ek tydens aandete per ongeluk 'n glas water oor die tafeldoek en op my vrou se skoot mors, sê ek: “Ek is jammer.” In teenstelling, indien ek byvoorbeeld dieselfde glas water sou neem en dit in woede **oor haar kop** uitgooi, is “ek is jammer” onvoldoende.

In die eerste geval was die mors van water per ongeluk. Ek druk my ontsteltenis uit oor die ongerief wat ek my vrou veroorsaak het deur te sê: “Ek is jammer.” Dit is voldoende;



geen sonde is gedoen nie. Ek wens egter dit het nooit gebeur nie.

In die tweede geval is sonde gedoen. Ek was kwaad en boosaardig in my optrede. Ek is aan God en my vrou 'n onbetaalbare sondeskuld verskuldig weens my houding en my optrede. Die feit dat ek sleg voel daaroor mag dalk iets beteken, of nie. Judas was jammer nadat hy Jesus verrai het, (Matteus 27:3-4) maar sy sondeskuld is nooit gekanselleer nie. Die feit dat hy sleg gevoel het oor sy sonde het nie die ware skuld van daardie sonde verwyder nie. En die feit dat hy gewens het hy het dit nie gedoen nie, het nie sy sondeskuld uitgewis nie.

Ek is oortuig dat Christene altyd aangemoedig moet word om die Bybelse woorde “vergewe my” te gebruik wanneer hulle gesondig het. Jesus moes na die kruis gaan omdat ek byvoorbeeld daardie glas water oor my vrou se kop gegooi het. “Ek is jammer” bring nie die afskuwelike aard van wat ek gedoen het regtig tot uiting nie. Sonde is 'n onbetaalbare skuld, niks minder as dit nie. Slegs één ding in die hele skepping kan hierdie skuld verwyder: 'n bindende ooreenkoms deur God en deur die persoon wat te na gekom is, om die sondeskuld te kanselleer.

Toe Ben Susan in die gang ontmoet het en gesê het: “Ek is jammer”, het hy probeer erken dat hy verkeerd opgetree het. Om egter die Bybelse opdrag uit te voer, sou hy om **vergifnis** moes gevra het. Sy kant van die bindende ooreenkoms ten opsigte van vergifnis is 'n **erkenning van sy sonde en 'n versoek dat die sonde uitgewis word.**

Die woorde “vergewe my” is nie magiese woorde wat Ben se skuld sal wegtoor indien hulle in die korrekte volgorde en met die regte stemtoon uitgespreek word nie. Dit is wel die enigste woorde wat akkuraat Ben se sonde so ernstig daarstel soos wat God dit sien.

'n Christen behoort nooit afgewaterde plaasvervangers te gebruik vir “vergewe my” nie. 'n Merkwaardige ding sal gebeur wanneer jy begin om die Bybelse woordeskat te gebruik vir versoening. Jy sal vind dat dit heelwat moeiliker is om “vergewe my” te sê as om te sê “ek is jammer”. Instinktief weet ons dat daar 'n verskil is tussen die twee frases. Die een beteken “ek voel sleg oor wat ek gedoen het”, maar jy bly onaangeraak. Jy het nie werklik erken dat jy verkeerd was nie, net dat jy sleg voel daaroor. Daarenteen is die ander frase verdoemend. “Ek is jou 'n sondeskuld verskuldig wat ek nooit kan terugbetaal nie. Al wat ek vra, is dat jy my genadig sal wees en daardie skuld afskryf.”

## **Dit was niks nie**

Toe Ben en Susan mekaar in die gang ontmoet en Ben erken het dat hy jammer was oor wat hy gesê het, was Susan se antwoord: “Dis reg so, Ben. Dit was niks nie. Vergeet daarvan.” Hierdie is weer eens 'n algemene en blykbaar volwasse manier om iemand se sonde te hanteer. Was Susan se hantering van die situasie regtig akkuraat? Was dit **niks** nie? Waarom moes Christus sterf indien Ben se sonde **niks** was nie?

Soos met Ben se “ek is jammer”, het Susan die aard van wat gebeur het, onbewustelik afgewater. Sy het haar geensins daartoe verbind om Ben van die **wettige** verpligting van sy sonde te bevry nie. Indien sy dit slegs afskud, bly daardie skuld oor Ben se kop hang. Dit stem eenvoudig nie ooreen met God se vergifnis nie.

As 'n navolger van God moet Susan belowe om Ben se skuld af te skryf. Sy moet dit agter haar laat, dit met die voete vertrap en dit in die diepste see gooi. Dit is wat “ek vergewe jou” beteken. Om te vergewe soos God vergewe is om 'n belofte of 'n **bindende ooreenkoms** met die ander persoon te sluit. Wat Susan in werklikheid belowe wanneer sy sê: “Ek vergewe jou”, is die volgende:

- Ek sal hierdie sonde nie weer noem teenoor jou of enigiemand anders nie.
- Ek sal nie daaroor tob nie (d.w.s. bitter word deur gereeld daaroor te dink nie).
- Ek sal jou nie laat **betaal** vir wat jy gedoen het nie.

Nou kan jy sien hoekom “dit was niks nie” onvoldoende is. Dit **was** iets. Wat Ben gedoen het, was **sonde**. As Susan Ben vergewe nadat hy vergifnis gevra het, belowe sy om daardie sonde se besoedeling uit hulle verhouding te verwyder. Sy sal dit nie gebruik om hom te straf nie. Sy sal hom nie daaraan herinner wanneer hulle die volgende keer 'n

meningsverskil het nie. Sy belowe om nie oor Ben se sonde te tob nie.

## **Vergewe en vergeet?**

Die laaste stelling bring ons by 'n verdere punt. Leer die Bybel dat 'n Christen “vergewe en vergeet?” Nee. Laat ek verduidelik.

Om te vergeet is 'n passiewe proses waar tyd en situasies 'n herinnering laat vervaag. Vergifnis is anders. Vergifnis is 'n belofte om nie na te dink oor dit wat gebeur het nie. Dit word deur God met 'n voorbeeld toegelig in Jeremia 31:34: “Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.” Tegnies gesproke, kan God nie vergeet nie. Hy is alwetend. Hy besluit egter om nie na te dink oor die sonde wat Hy vergewe het nie. Hy besluit om nie met ons te handel na ons sondes nie (Psalm 103:10).

Susan mag dalk nie onmiddellik Ben se harde woorde **vergeet** nie. Dit sou byna onmoontlik wees. Deurdats Ben te vergewe, het sy belowe om God na te volg deur nie weer daaraan te **dink** nie. **Dit is moontlik**. Dit sal moeilik wees, maar deur God se genade kan sy haar gedagtes gevange neem (2 Korintiërs 10:5), en aan alles wat goed is dink (Filippense 4:8).

Bybelse vergifnis is 'n radikale alternatief vir hoe ons gewoonlik optree. Vir die oortreder is dit 'n mondelinge erkenning van skuld en 'n versoek om vergifnis. Vir die persoon teen wie gesondig is, is dit 'n belofte om dit wat verkeerd is, uit te wis en nie daaroor te dink nie. Dit is 'n

onderneming om nie teenoor die persoon op te tree met die sonde in gedagte nie.

### **Maar wat as ...**

Op hierdie stadium het Ben en Susan vrede gemaak. Die volgende keer sal hulle dit op die **Bybelse** manier hanteer en die Bybelse woordeskat gebruik. Maar, in die situasie wat ons geskets het, was nie al die moontlike situasies wat sou kon ontwikkel, aangespreek nie (en hulle gebeur).

Wat sou gebeur as Ben kombuis toe gekom het en gesê het: “Susan, wat ek gesê het was verkeerd en onwaar. Sal jy my vergewe?” Susan antwoord egter: “Oor my dooie liggaam! Verwag jy om hierheen te kom en ek moet net maak asof dit nooit gebeur het nie? Ek sal jou vergewe wanneer ek beter voel en gereed is. Ek wil jou sien kruip vir dit wat jy vir my gesê het.”

Ongelukkig sou so 'n antwoord uit Susan se mond nie buitengewoon wees nie. Sy is seergemaak. Hoogmoed sê sy moet wraak neem. Ben behoort te betaal vir sy onnadenkende woorde. Slegs wanneer hy genoeg gely het of sy berou bewys het, sal sy hom vergewe.

Maar vergewe Susan soos God vergewe? Nee.

As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

1 Johannes 1:9

God vergewe wanneer ons ons sondes bely.<sup>11</sup> Om God se vergifnis na te volg, moet ons dieselfde doen. Wanneer iemand vergifnis vra, moet ons vergewe. Hierdie is nie 'n denkbeeldige teologiese beginsel nie. Dit is presies wat die Here Jesus Christus self geleer het.

Pas op vir julleself. En as jou broer teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom. En as hy sewe maal op 'n dag teen jou sondig en sewe maal op 'n dag na jou terugkom en sê: 'Ek het berou', moet jy hom vergewe.

Lukas 17:3-4

Wat maak dat ons vergewe soos Christus beveel het? Die oortreder se berou – 'n mondelingse erkenning dat hy verkeerd opgetree het en 'n versoek om sy/haar sondeskuld uit te wis.<sup>12</sup> Geen wonder dat Jesus gesê het: “Pas op vir

---

<sup>11</sup> God sien wat in die hart omgaan. Hy alléén is alwetend. Wat vir ons na ware berou klink, sal Hy soms verwerp (Rigters 10:10-16). Niemand weet werklik wat in 'n ander se hart omgaan nie. Ons kan slegs die persoon se woorde, soos wat hulle klink, aanvaar (1 Korinthiërs 13:7).

<sup>12</sup> Tegnies gesproke kan vergifnis nie gegee word voordat daarvoor gevra is nie. Dit skakel nie bitterheid uit nie, of maak dit goed nie; ons moet te alle tye vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar wees, gewillig om mekaar te vergewe. Terwyl Markus 11:25 “vergifnis in die hart” geldig verklaar, word veronderstel dat jy so gou moontlik met die persoon wat aanstoot gee, sal gaan praat. Mense wat sê: “Ek het hom vergewe” sonder om ooit met hom daaroor te praat (indien dit moontlik is), ontduik hulle verantwoordelikheid.

julleself” nie.<sup>13</sup> So 'n nederige reaksie op herhaaldelike sonde teenoor ons, is voorwaar nie 'n natuurlike reaksie nie.

Susan se reaksie: “Ek wil jou sien kruip” is baie algemeen. “Ek sal hom vergewe sodra ek dink hy het genoeg gely vir wat hy gedoen het.” Dit is egter nie Bybelse vergifnis nie. Vergifnis volgens die Bybel is die **genadige** uitwissing van 'n sondeskuld. Indien Ben moet **kruip** om 'n herstelde verhouding met Susan te **verdien**, is Susan inderdaad nie besig om God na te volg nie. Sy is nie “barmhartig en genadig, lankmoedig en groot van goedertierenheid” nie (Psalm 103:8).

Om te vergewe soos God vergewe moet ons sonder enige voorwaarde vergewe.<sup>14</sup> Mens kan nie tegelykertyd 'n persoon se skuld vryskeld en vereis dat hy boet vir dit wat hy gedoen het nie.

---

<sup>13</sup> Die apostels se antwoord was verrassend: “Gee ons meer geloof” (Lukas 17:5). Geloof is nodig om inderdaad te kán vergewe. Geloof is dit wat maak dat ons bereid is om te vergewe soos God ons opgedra het, eerder as om self wraak te neem. Wanneer ons seergemaak is, is diep geloof nodig om te vergewe en God te vertrou dat Hy self met die oortreder sal handel (veral in die geval van 'n herhaalde oortreder).

<sup>14</sup> Onvoorwaardelike vergifnis beteken nie dat daar geen *gevolge* op 'n persoon se sonde is nie. 'n Ongetroude paartjie wat uitgaan en saamslaap word deur God vergewe indien hulle opreg hulle sonde bely. Maar hulle sal tog die gevolge van hulle onsedelikheid moet dra – moontlik 'n swangerskap. Indien Ben se uitbarsting byvoorbeeld in die openbaar plaasgevind het, sou hy die gevolge moes dra en teruggaan na almal wat gehoor het hoe hy Susan gekwets het. Hy moes daardeur sy misstap regstel. Maar Susan mag dit nie vereis voordat sy hom vergewe nie.

## **Ek het nie lus om te vergewe nie**

Veronderstel vir 'n oomblik dat Susan ietwat anders reageer het in die gang (arme Susan - dit is duidelik dat dit vir die persoon teenoor wie gesondig is, dikwels moeiliker is om God se opdragte uit te voer as wat dit vir die oortreder is om berou te hê). En veronderstel verder dat Ben sy sondige reaksie bely het en Susan sonder 'n woord slegs op haar lip gebyt het.

By latere navraag sou sy waarskynlik sê: “Hoe kan ek sy kwetsende woorde ooit vergewe? Dit is nog steeds te seer. Ek het nie **lus** om hom te vergewe nie.” Susan se gevoelens word dikwels ervaar. Mense toon dikwels hulle onwilligheid om te vergewe deur te sê hulle is nie lus om die ander persoon te vergewe nie.

Maar, “om nie lus te wees om te vergewe nie” is nie 'n Bybelse beginsel nie. Eintlik is dit nie heeltemal korrek nie, want die Bybel noem dit iets anders. Om nie vergewensgesind te wees nie, noem die Bybel **bitterheid**.

Bitterheid is 'n hardnekkige, volgehoue, haatdraende woede teenoor iemand anders. Dit is die teenoorgestelde as wat Paulus in Efesiërs 4:31 en 32 opdra.

Alle bitterheid ... moet van julle verwyder word ...  
Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

Beskou dit heel eenvoudig vir 'n oomblik. Gevoelens is nie van die grootste belang by vergifnis nie. 'n Keuse om Lukas



17: 3 en 4 “as hy berou kry, vergewe hom” en Efesiërs 4: 31-32 te gehoorsaam, is wel belangrik. Gehoorsaamheid aan God se opdrag lei onteenseglik tot vergifnis indien dit gevra word. Susan het nie die vryheid om God se opdragte uit te voer slegs wanneer sy *lus voel* nie. Christene mag dalk dikwels nie *lus voel* om te doen wat God beveel nie. Maar ons moet gehoorsaam wees. Dit is ook van toepassing waar vergifnis gevra word, en dit dan geskenk moet word.

Indien Susan steeds weier om Ben te vergewe omdat sy nie *lus voel* nie, is dit nou *sy* wat die oortreder geword het. Ben probeer nou sy bes om met sy vrou in vrede te lewe (Romeine 12:18). Sy daarenteen, weier om hom te vergewe; dis juis die een ding wat vrede sou bring. In daardie omstandigheid is die rolle omgekeer. Ben sal met innige teerheid (Spreuke 15:1) Susan moet aanmoedig om van haar bitterheid ontslae te raak.<sup>15</sup>

### **Stap 3 'n Nuwe en beter verhouding**

Veronderstel Ben en Susan het uiteindelik die saak uitgestryk. Hy het vergifnis gevra en sy het hom vergewe. Is dit nou afgehandel? Jy mag so dink, maar jy is verkeerd.

'n Foutiewe begrip van vergifnis kan moontlik lei tot “ek vergewe jou, maar wil jou nooit weer sien solank ek leef nie.”

---

<sup>15</sup> Indien Susan se weiering tot vergifnis voortduur, sal Ben verplig wees om die proses in Matteus 18 te gebruik teenoor haar sondige reaksie op sy versoek om hom te vergewe.

In 'n soortgelyke situasie is vergifnis gevra en gegee, maar dan daal daar dikwels tog 'n ysige stilte op die verhouding neer.

Ben sou moontlik weer voor wou begin waar hy in die deur verskyn het. Nóú sou hy die saak reg hanteer. Susan behandel hom egter soos 'n swygende martelaar. Sy *sê* dat sy haar man se skuld vrygeskeld het, alhoewel haar volgehoue stilswye en neergeslane oë toon dat hy nog steeds in die skuld by haar is.

Susan het hom moontlik liefdevol vergewe en wil hom nou bemoedig en opbeur na 'n werklik uitputtende dag by die werk. Ben sit egter terneergedruk by die etenstafel, nadenkend, vol selfverwyt oor sy uitbarsting. Susan het wel sy skuld **vrygeskeld**, maar Ben soek steeds die skuld wat Susan in die diepsee weggegooi het. Hy reageer soos iemand wat nog steeds behoort te boet vir wat genadiglik reeds uitgewis is.

Indien Bybelse vergifnis slegs sou bestaan uit “vergewe my/ ek vergewe jou” sou daar geen blywende oplossing wees vir sulke situasies nie. Daar is 'n derde stap in die Bybelse beginsel oor vergifnis wat ons ook moet dek. Ná die stap om **vrede na te streef**, én die mondelingse ooreenkoms om te vergewe, kom daar dan die vestiging van 'n nuwe en beter verhouding tussen die partye wat betrokke is.

## **Die voorbeeld wat God stel**

Dink deeglik na oor die voorbeeld wat God oor vergifnis stel. Wanneer God sondaars vergewe, is dit nie 'n “Goed dan. Ek

hou nie jou skuld teen jou nie. Weg voor my aangesig! Ek wil jou nie weer voor my sien nie!” Natuurlik nie! Wat God wel doen, is:

Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus.

Efesiërs 1:3

Indien jy die eerste hoofstuk van Efesiërs lees, merk jy op dat God koppige rebelle geneem het, hulle vergewe het, en hulle dan as seuns en dogters aangeneem het. Hy het sy Gees aan hulle gegee as 'n belofte dat meer seëninge sal volg. God het nie diegene wat Hy vergewe het met 'n kil blik weggestuur nie. Hy het hulle geseën. Hy het hulle liefgehad. Hy het sy verhouding met hulle **nuut en beter** gemaak.

Om te vergewe soos God vergewe, moet 'n nuwe en beter verhouding met die ander persoon dus gevestig word. Dit is 'n bewys van Bybelse vergifnis. In die vorige deel het ons gepraat oor die kwessie van **lus voel** om te vergewe. Kan die rou emosies in omstandighede soos by Ben en Susan, oorkom word? Kan Susan die bytende raps van Ben se woorde eenvoudig vergeet? En hoe kan Ben die poel van selfbejammering waarin hy homself verdrink, deurworstel en uitklim?

## **Vervang die kwaad met die goeie**

Soos altyd, word woedende reaksies deur die goeie oorwin.

Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

Hierdie beginsel is alreeds in Efesiërs 4:31-32 aangetoon. Paulus skryf dat bitterheid, woede en toorn **verwyder moet word**. Dan skryf hy dat vriendelikheid en ontferming **getoon moet word**, dus sigbaar wees. Die kwaadwillige reaksies soos bitterheid en woede word nie deur tande-knersende aanvaarding van die ander persoon oorwin nie. Ook nie om die ander persoon te vermy nie. Dit word oorwin wanneer dit vervang word deur **bewustelik goed te doen** aan die ander persoon.

Bybelse vergifnis eindig nie met 'n ongemaklike vredesverdrag nie. Die einddoel van vergifnis is nie koue, neutrale skaakmat nie. Mense hou dikwels juis dáár op. Dan is dit nie verbasend dat die ander persoon, as gevolg van bitterheid, koel hanteer of vermy word nie. Die natuurlike sondige reaksies soos wraak, haatdraendheid en selfbejammering is dan nie **vervang** nie. Daarom kruip hulle weer nader om in beheer te wees. Die keuse om hulle uit jou gedagtes te verwyder (2 Korintiërs 10:5), is slegs 'n gedeelte van die oplossing. Al daardie kwaadwillige reaksies word uiteindelik slegs oorwin deur doelbewus goed te doen aan die ander persoon.<sup>16</sup>

---

<sup>16</sup> Die rede waarom baie mense nooit emosioneel-gedrewe sondes oorwin nie, is omdat hulle nie die twee hulpmiddels wat God gegee het, gebruik om emosies te beheer nie. 'n Mens moet **reg dink** asook **reg doen** om die greep van oorheersende emosies te breek. Indien **denke en dade** reg in plek val, sal die emosies daarop volg.

Die koue swye aan tafel tydens die ete sal slegs oorkom word wanneer Ben en Susan aktief begin om goed te wees vir mekaar. Gekwetste gevoelens word genees deur **doelbewus** te werk aan 'n nuwe en beter verhouding met mekaar. Om dit te illustreer kyk ons na twee voorbeelde uit die Bybel.

## Paulus

Toe Paulus die tweede brief aan die Korintiërs geskryf het, was hulle aan groot veranderings blootgestel. Onder andere het iemand erg teenoor Paulus gesondig. Maar dié persoon het tog uiteindelik berou getoon. Paulus het die kerk in Korinte 'n belangrike les oor vergifnis geleer terwyl hy hulle leiding gegee het oor hoe hulle die situasie moes hanteer:

Maar as iemand droefheid veroorsaak het dan het hy my nie bedroef nie, maar - ek wil nie oordryf nie - min of meer julle almal. Vir so iemand is daardie bestraffing deur die meerderheid genoeg; sodat julle daarenteen hom liever moet vergewe en vertroos, dat so iemand nie miskien deur alte groot droefheid verteer word nie. Daarom vermaan ek julle om die liefde aan hom te bevestig.

2 Korintiërs 2:5-8

Aangesien die oortreder berou getoon het, wou Paulus hê dat die kerk hom vergewe (vers 7). Let veral op dat hulle vergifnis nie slegs 'n mondelingse uitspraak darf wees nie. “Goed dan, ou maat. Jy kan terugkom kerk toe maar jy sal alleen in die hoek moet sit.”

Bybelse vergifnis sluit die strewe na 'n **nuwe en beter verhouding** met die ander persoon in. Paulus het gesê dat die kerk die persoon wat berou getoon het, moes **troos en hulle liefde vir hom weer moes bevestig** (vers 7-8). Indien hulle dit nie sou doen nie, sou die oortreder dalk deur droefheid oorweldig word (vers 7). Meer as dit, Satan kon die situasie moontlik gebruik om verdeeldheid te veroorsaak (vers 10-11).

Indien Susan, nadat sy Ben “vergewe” het, nog steeds koel en afsydig bly, het sy hom nie werklik vergewe nie. Haar vergifnis sal onvoldoende wees totdat sy uitreik na Ben om hom te troos in sy droefheid as gevolg van sy sonde. Sodoende sal sy haar liefde vir hom bevestig. Soos reeds genoem, is die laaste stap in Bybelse vergifnis nie 'n ongemaklike skaakmat nie. Dit is 'n nuwe en beter verhouding waarin die ander persoon se beswil doelbewus en aktief nagestreef word.

## **Josef**

Nog 'n voorbeeld om die derde stap in die beginsel van vergifnis te illustreer, vind ons in Genesis 50. Josef se broers het hom, toe hy nog 'n jong man was, byna vermoor maar het hom tog as 'n slaaf verkoop. Jare later, toe hulle uitvind dat hy nog steeds lewe, en 'n baie belangrike man in Egipte was, was hulle hewig ontsteld (Genesis 45:3). Hulle was oortuig dat Josef wraak sou neem oor hulle veragtelike dade teenoor hom. Josef daarenteen, het besluit om hulle bose dade met vergifnis uit te wis.

Toe Jakob, die vader van Josef en sy broers sterf, was hulle weer eens ontsteld. Hulle was bang dat Josef sy wraak terughou vir die tyd nadat sy vader sou sterf. Dit het hulle oortuig dat Josef wraak sou neem ná sy vader se dood.

Die broers het 'n plan beraam om hulleself te beskerm. Hulle het 'n boodskap na Josef gestuur waarin hulle beweer het dat hulle vader, net voor sy dood, Josef gesmeek het om sy broers te vergewe (Genesis 50:15-17).

Die Bybelteks sê dat Josef gehuil het toe hy die boodskap ontvang het - vermoedelik weens sy broers se wantroue in hom. Het hulle dan nie vergifnis verstaan nie? Die broers was angsbevange dat Josef wel wraak sou neem. Maar Josef sê:

Wees dan nou nie bevrees nie: ék sal julle en julle kinders onderhou. So het hy hulle dan getroos en na hulle hart gespreek.

Genesis 50:21

Josef het die mag gehad om sy broers te laat sterf. Hy het hulle egter gerusgestel en beloof om vir hulle families te sorg indien daar hongersnood sou kom. Josef het hulle getroos en vriendelik teenoor hulle opgetree.

Josef het die betekenis van vergifnis verstaan. Hy het geweier om te tob oor dit wat aan hom gedoen is. In die plek daarvan wou hy 'n nuwe en beter verhouding met sy broers bewerkstellig. Hy het hulle inderdaad gekalmeer, getroos en vriendelik met hulle gepraat en boonop vir hulle kos gegee.

Die toepassing op Susan se lewe is voor-die-hand-liggend. Nadat sy Ben vergewe het, moet sy hom kalmeer, troos en

hom verseker van haar liefde vir hom – om nie eens te praat van kosgee nie!

Daar is inderdaad nóg 'n toepassing vir hierdie beginsel; juis vir Ben. Josef se broers het in vrees gelewe omdat hulle geweier het om Josef se vergifnis heelhartig te aanvaar. Boonop het hulle 'n boodskap uitgedink en in hul oorlede vader se mond gelê om sodoende Josef te manipuleer sodat hy sy wraak teenoor hulle sou weerhou. Was dit alles nodig? Nee. Josef het alreeds hulle sondeskuld uitgewis. Hulle geestelike onrustigheid en verwarring was die gevolg van hulle weiering om Josef se vergifnis te aanvaar.

Op dieselfde manier tree Ben ook verkeerd op om met neergeslane oë, moedeloos aan tafel te sit, terwyl hy homself in selfverwyt verswelg. Susan hét hom vergewe. Hy het dit inderdaad nie verdien nie. Maar juis **dit** is wat vergifnis beteken – 'n **genadige** uitwissing van sy sondeskuld. Ben moet eenvoudig sy trots sluk en Susan se vergifnis aanvaar.

Die oplossing van hulle probleem lê daarin dat Ben en Susan hulle boosaardige gedagtes en dade met goeie gedagtes en dade moet vervang. Hulle moet aktief 'n nuwe en beter verhouding tot stand bring deur goed te wees vir mekaar. Hulle vriendelike woorde en dade teenoor mekaar vir die res van die aand sou enige onderliggende bitterheid of afgetrokkenheid uitskakel.



## Slotwoord

Ben en Susan kon enigiemand wees; dalk juis jy. Hoe konsekwent vergewe jy soos God vergewe? Die metode – die drie stappe – soos uiteengesit, is relatief eenvoudig. Eerstens moet jy ***vrede met die ander persoon nastreef***. Tweedens moet jy 'n ***bindende ooreenkoms*** aangaan om alle sondes (wat erken is, wat bely is en waarvoor vergifnis gevra is) uit te wis. Sodoende belowe jy om nie weer oor daardie sonde te tob en nie weer daaroor te praat nie. En derdens moet jy ***doelbewus 'n nuwe en beter*** verhouding met die ander persoon vestig.

Vergifnis soos wat die Bybel ons leer is eenvoudig, maar geensins maklik nie. Dit kan wel deur God se genade gedoen word. Ons is tog sy kinders. Ons moet dieselfde doen as wat God doen wanneer dit by vergifnis kom. Ons moet vergewe soos God vergewe. “Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het. Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders” (Efesiërs 4: 32 – 5:1).

## Boekies reeds vertaal in Afrikaans

- **Kinderdoop of die Doop van Gelowiges?**  
Het jy vrae oor die Doop?
- **Die Bybel en Selfliefde**  
Word Christene beveel om *hulself* lief te hê?
- **Oorwin Woede**  
’n Bybelse handleiding om geduldig, verdraagsaam en lankmoedig te word.
- **Vergifnis**  
’n Bybelse handleiding om te vergewe soos God vergewe.
- **Vrae en Antwoorde oor Genesing, Spreek in Tale en Profesie**  
Wat sê die Bybel werklik oor wonderwerkende tekens en gawes?